Om God se stem te hoor.
3

- Is daar enige vrae wat voortspruit uit die vorige sessie?

- Is daar iets wat jou by gebly het of in die besonder uitgestaan het?

- Ervaar jy enige beweging van die Gees of uitnodiging van die Here?

- Gebed:

Sessie 3

Nooit meer alleen nie.

Genesis 2:18 “Verder het die Here God gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie”

Mat. 28:20 “En weet vir seker: Ek is vir altyd by julle, tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis.”

- <u>Die probleem van eensaamheid</u>.

- “Alleenheid is die melaatsheid van die moderne wêreld.” Moeder Theresa van Calcutta

- Die Beatels het dit ook verstaan: Eleanor Rigby – All the lonely people

‘’Any self-examination leads to the conclusion that every intimate relationship, even between the most united partners, inevitably has its limitations. Beyond them we are alone. Accepting our fundamental aloneness sets us on the road to peace and allows the Christian to discover a previously unknown dimension of his relationship with God. Acceptance of this portion of loneliness, a condition of every human life, fosters intimacy with the One who rescues us from the overwhelming solitude of the man/woman alone with him/herself. … Does not the burning thirst for relationship between human beings have its source in the presentment of another and more essential communion, our relationship with Christ?’’

Brother Roger of Taize

Romeiene 8:38 *Een ding weet ek vas en seker: Niks kan ons ooit van Christus se liefde skei nie. Nie dood of lewe of engele of duiwelse magte nie; nie ons vrees vir vandag of ons kommer oor môre nie; ook nie bo-aardse magte nie. 39Ja, hoegenaamd niks daarbo of onder in die dieptes of elders in die skepping sal ons ooit kan skei van die liefde wat God in Christus Jesus ons Here vir ons het nie*. NLV

Ons menswees is gemaak dat God ons kan deurdrenk met Homself tot in ons diepste wese sodat ons in geen omstandighede ooit meer alleen sal wees nie.

So, hoekom soek ons na God se nabyheid?

Ons soek maklik vir God vir dit wat God kan bied.

> “Our contentment lies not in His presents but in the presence of the One whose presents they are.

> “I don't want your money honey, I want your love!”

Hoe kom ons tot hierdie nabye gemeenskap met God?

1. Blinde geloof. Omdat jy net nie die God se bestaan kan ontken nie. Omdat ander daarvan getuig en dit deur die eeue soos ‘n baken van hoop uitstaan. Dis belangrik, maar daar is meer en God nooi ons na die meer.
2. Ons ervaar God se teenwoordigheid in tye en omstandighede. Individueel en gesamentlik. “Thin places” of heilige oomblikke.
3. God se ingrype in tyd en omstandighede: Dit lewer uitkomste wat baie groter as ons eie pogings is. God ervarings wat lewens veranderend en rigting gewend is. Dis tye wat ons met dankbare verwondering getuig dat God ingeryp het en bemagtig het bo wat ons ken en kan doen. Psalm 23 “Hy gee my nuwe krag”.(Deel sulkes met mekaar)

Efesiërs 1:19,20 “Ons het gesien hoe geweldig daardie krag regtig is toe God Jesus uit die dood laat opstaan en vir Hom die belangrikste plek in die hemel gegee het. Daardie selfde krag werk ook in ons as Christene.” *Die Boodskap*

4. Ons praat met God en God met ons.
God is in gemeenskap met ons. Dis ‘n normale uitvloeisel van ‘n verhouding tussen twee partye wat vir mekaar omgee en by mekaar betrokke is in ‘n gemeenskaplike missie.
Handelinge 9:10-16 (lees gedeelte)

5. Ons ken God so goed dat ons in pas met Sy wil optree.

“Here we come to the understanding what Gods wants us to understand through immersion with Him in His work. We understand what He is doing so well that we often know exactly what He is thinking and intending to do. “The mind of Christ”

1.Kor. 2: 14 “***Iemand wat net op ’n menslike vlak bly dink en net glo wat mense kan verklaar, sal nie ’n woord van God se geestelike boodskap wil aanvaar nie. Dit sal nie vir hom sin maak nie en hy sal nie kan verstaan hoe op aarde dit moontlik kan wees nie. Die fout lê by hom en nie by die dinge wat hy nie kan verstaan nie. Hy is die een wie se oë heeltemal toe is vir die geestelike dinge. Net die Heilige Gees kan hierdie dinge vir ’n mens duidelik maak. 15Iemand wat die Heilige Gees in sy lewe het, sal weet wat om van al hierdie dinge te dink. Hy sal geestelik sensitief wees, al sal die ongelowige mense hom nie verstaan nie. 16Die Skrif sê mos:“Wie weet wat binne-in die Here omgaan sodat hy vir Hom kan sê wat om te doen?” Ons wat sy Gees het, ken Jesus deur en deur.”***

Boodskap

Sien weer die gelykenis van die getroue slawe Luk. 17:7-10

“ ***We become so close to God that we do not have to wait to hear His words. We don’t have to be asked but are engaged in free-hearted collaboration with Jesus and His friends in the kingdom.”***

“Many cannot progress in their relationship with God because they focus solely on what they think God might be telling them to do. The friendship aspect is missing.”

Ons is medewerkers met outoriteit wat God op aarde verteenwoordig.
Psalm 8 en Genesis1:26

"The dominion mentioned in Genesis is meant to be exercised in a community of love, not individual dominion."

Paulus se woord hiervoor is: Tempels van God.

Kolossense 1:27 27"**God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe wonderlik die heerlikheid van hierdie geheim vir alle volke is. Die geheim is: Christus leef in julle. Dit is die vooruitsig dat julle in die hemelse heerlikheid sal deel."** NLV

Misverstande oor hoe God praat:

1. Ons kry ‘n woord van God vir elke moontlike stap of situasie.
“Ek doen niks as God dit nie vir my se nie”

2.Dis alles in die Bybel.

“An exalted view of the Bible does not free us from the responsibility of learning to talk with God and to hear Him in the many ways He speaks to humankind”

Lexio Divina

3.Wat ook al gebeur is God se wil.

“What a child does when not told what to do is the final indicator of what and who that child is. And so it is for us and our heavenly Father”

Vir nadenke:

- Dink jy dat mens vervulling vir alleenheid in God kan vind. God wat nie mens, maar Gees is?

- Ken jy iets van die smagting na nabyheid wat in geen aardse verhouding vervul kan word nie en jou nader trek na God?

Kyk weer na die 5 maniere van gemeenskap met God:

1. Blinde geloof
2. Ervaring van God se teenwoordigheid
3. God se kragtige ingrype in omstandighede.
4. God praat en ons met Hom.
5. Ons ken God so goed dat ons in pas met Sy wil en karakter optree.

- Watter van bogenoemde is vir jou die mees bekende?

- In watter sal jy meer wil groei?

- Bedink jou vriendskap met God. Vryf Sy karakter op jou af sodat baie van jou aksies al in pas is met Sy wil?

- Het jy al beleef dat jy duidelik weet dat iets God se wil is sodat jy met vrymoedigheid en seën daaraan kon meedoen. In dien: Wat kan leer jy uit die ervaring?

Gebed vir dié in die wêreld: Shiela Cussons

Dat ons leef omdat U leef is die eerste van alles wat wonderlik is.
‘n Wisselvloei is daar tussen U en ons
U vloei in ons in en ons in U en in U word ons arme vog gesuiwer en vernuwe
en onsself keer uit U terug
in ons in deur die membraan wat tyd en wêreld is
Membraan of illusie, so dun is dit, so nie, so nêrens vir U begenadigdes
Dankie dat ons wat onsself versteek vir ons naastes gans oop is vir U en U oop
Dankie vir die gladder as asemhaling heen en weer tussen U en ons
Dat tyd en ewigheid wat mekaar deurdring, nie twee is nie, maar een
Dankie God vir die wonder waarin die harde seer wat wêreld is
Sagter as asem oplos en verdwyn